Ontmoeting 5

Jesus se kinderjare leer ons van die lewe

Ons kan belangrike lesse vir die lewe leer uit die omgewing waarin Jesus grootgeword het.

Teks: Matteus 13:55, Lukas 2:52 en ander
Hulpmiddels:

- Afdrukke van die uitdeelstukke
- ŉ Hamer, saag, skaaf, skroewedraaier, tang en klamp
- Eetgoed en tandestokkies vir die "welkom"– speletjie

Welkom

Bou voor die byeenkoms ŉ struktuur of diertjie met die volgende bestanddele:

- Marie–koekies, versiersuiker en Smarties (makliker opsie), OF tandestokkies, malvalekkers, Jelly Tots en Jelly Babies (moeiliker opsie), OF gebruik toiletpapier, afval papier, wat ook al byderhand is.

Hou dit weggesteek en berei vir elke kleingroepie ŉ bord voor met die bestanddele wat hul nodig het om ŉ presiese replika van jou skepping te maak. Verdeel in groepe. Verduidelik dat hulle ŉ presiese weergawe van joune moet bou. Elke keer kan een persoon uit elke groep kom kyk na jou skepping en dan teruggaan na die groep en verduidelik wat om te doen. (Hulle kan ŉ paar keer kom kyk, elke keer ŉ ander kind.) Gee ŉ tydlimiet vir die opdrag. Aan die einde van die toegelate tyd kry elke groep kans om hul skepping te wys. Hulle mag dit na die les opeet.

Wyding

Stilword–ritueel: Laat die kindertjies toe oë sit en vra hulle om hul regterhande op hul harte te sit. Sê nou die volgende: "Jesus is lief vir my net soos ek is." Laat hulle nou hul linkerhandjies op hul voorkoppe sit en sê vir hulle die volgende: "Ek is ook lief vir myself omdat ek vir Jesus spesiaal is. Help my om meer en meer soos Hy te wees."

Woord

Toe Jesus ŉ kind was, het mense gesien dat Hy wysheid het en mooi grootword. Hulle was beïndruk (Luk 2:52).

In die Bybel se tyd het die seuns altyd in hul pa' s se voetspore gevolg. As jou pa ŉ visserman was, was die kans baie goed dat jy ook ŉ visserman sou word. As jou pa ŉ olyfboer was, het jy ŉ olyfboer geword en as jou pa ŉ bakker was, sou jy ŉ bakker word.
Josef was Jesus se pappa op aarde. Daarom moes Jesus, net soos al die ander kinders van sy tyd, in Josef se besigheid werk. Josef was ŉ timmerman en Jesus het as klein seuntjie en jong man baie tyd in die werkswinkel deurgebring. (Lees Mat 13:55). Hy het met gereedskap gewerk. Jesus het gesaag, gekap, geskaaf, ens. ŉ Mens gebruik ŉ skaaf om ŉ plank glad te kry, ŉ klamp om iets wat jy gegom het, vas te hou, ŉ hamer om spykers mee in te kap, ens. Jesus moes baie keer aan die lewe gedink het terwyl Hy so met die gereedskap gewerk het.

Kom ons kyk wat kan ons leer by die volgende 6 stukke gereedskap uit die timmerman se winkel.
(Probeer die volgende 6 stukke gereedskap vir die kinders wys. Plak die teksvers teen elke stuk gereedskap vas.)

Skaaf – *Spreuke 27:17 Yster slyp yster. Vriende vorm mekaar.*
Die skaaf word gebruik om growwe plekkies in die hout glad te maak. Vriende en ander mense in ons lewe skaaf aan ons persoonlikhede. Hulle kan ons help om die regte besluite te neem. Hulle help ons ook om beter maniere te hê as hulle vir ons wys wat ons doen of sê waarvan hulle nie hou nie.

Saag – *Joh 15:2 Elke loot aan My wat nie vrug dra nie, sny Hy af, maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg sodat dit nog meer vrugte kan dra.*
Die saag word gebruik om onnodige stukke hout af te saag. Ons dink daaraan dat die Here ons leer om op te hou met verkeerde dinge. Hy wil die sondes uit ons lewens kry.

Skroewedraaier – *Spr 3:1 My kind, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, hou vas aan wat Ek jou voorskryf.*
Skroewedraaiers word gebruik om alles wat los is en wat skud, vas te draai. Skroewe hou goed vas. Ons moet vashou aan wysheid. Wat die Here ons leer, mag ons nie vergeet nie, maar ons moet die hele tyd daaraan dink en dit doen.

Hamer – *Ef 4:15 Ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe.*
Daar is 'n spreekwoord wat sê dat ons op iets kan hamer. Dit beteken dat ons die heeltyd daarmee besig is en dit beklemtoon. Ef 4:15 sê ons moet by die waarheid bly. Dit beteken ons moet die heeltyd met die waarheid besig wees. Ons moet beklemtoon wat God sê.

Tang – *Ef 4:27 Moenie die duiwel vatkans gee nie.*
'n Tang word gebruik om goed vas te vat. Dit dien vir ons as 'n waarskuwing dat die duiwel ook vashouplek op ons kan kry. Ons moet dit nie toelaat nie. Moenie die duiwel 'n kans gee om jou met leuens en verkeerde goed te verlei nie. Hy wil net baasspeel oor jou lewe en hy mag nie.

Klamp – *Joh 10:28 Ek gee hulle die ewige lewe. Hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.*
Die klamp hou dinge styf vas. Jy kan twee plankies so goed gom en vasklamp dat niemand dit ooit weer kan loskry nie. Jesus sê Hy hou sy kinders so vas dat niemand hulle uit sy hand kan ruk nie.

Jesus het in Josef se timmermanswinkel gereedskap gebruik om mooi goed te maak of om gebreekte goed heel te maak. Vandag wil Hy ons lewens mooi en heel maak.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter stuk gereedskap is vandag vir jou die belangrikste.
2. Ek wonder watter lewenslesse het jy al geleer.
3. Ek wonder hoe volg jy Jesus se voorbeeld soos Hy sy Vader se voorbeeld gevolg het.

Werskaf

- Uitdeelstuk van gereedskap en teksverse: Knip die blokkies gereedskap uit en plak dit by die regte teksverse.
- Teken op die skets van die werksbank die gereedskapstukke wat kortkom.
- Gebruik papier en kryte om iets te teken wat vandag vir jou belangrik was saam met die gereedskap en versier dit.

Sluit af met die seënbede
"Here, ek weet dat U my lewe mooi en heel wil maak. Help my om dit te verstaan. Ek wil graag die mens word wat U wil hê ek moet wees. Amen"



Spreuke 3:1 My kind, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, **hou vas** aan wat Ek jou voorskryf.	
Spreuke 27:17 Yster **slyp** yster. Vriende vorm mekaar.	
Johannes 10:28 Ek gee hulle die ewige lewe. Hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. **Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.**	
Efesiërs 4:27 Moenie die duiwel **vatkans** gee nie.	
Efesiërs 4:15 Ons sal in liefde by die **waarheid** bly en so in alle opsigte groei na Christus toe.	
Johannes 15:2 Elke loot aan My wat nie vrug dra nie, **sny Hy af**, maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg sodat dit nog meer vrugte kan dra.